

OVSA VOORSITTERSVERSLAG

EASA CHAIR ANNUAL REPORT

2007

PROF IRMA ELOFF

Die jaar 2007 was ‘n goeie jaar vir OVSA. Ons ledetal het gestyg en erelede vanoor die hele Suid-Afrika het by ons aangesluit. Ons ‘nuwe’ formaat nuusbrief se verspreiding is voortgesit en ‘n hoogs suksesvolle jaarlikse kongres is weereens gereël, na ‘n hoogs suksesvolle gesamentlike kongres met Kenton in 2006.

During 2007 the EASA executive consisted of:

- Prof Yusef Waghid (outgoing chair); University of Stellenbosch
- Prof Irma Eloff (chair); University of Pretoria
- Prof Naydene de Lange (incoming chair); UKZN
- Prof PC van der Westhuizen (editor, *SAJE*); North-West university, Potchefstroom campus
- Prof Tilla Olivier (co-opted member); Nelson Mandela Metropolitan University
- Prof Raj Mestry (treasurer); University of Johannesburg
- Prof Chris Reddy (conference organiser); University of Stellenbosch
- Merle de Waal (secretary)

Dit was ‘n voorreg gewees om saam met hierdie uitstekende span as voorsitter op te tree in 2007. Hulle bekwaamheid en toewyding aan OVSA en hulle diep betrokkenheid by Opvoedkunde en opvoedkundige navorsing in Suid-Afrika is merkwaardig.

Alle mosies wat tydens die gesamentlike EASA/Kenton kongres in die Wildernis deurgegee is, is opgevolg. Hierdie verslag rapporteer terug rakende hierdie mosies:

1. Recruitment drive for Honorary members of EASA

It was suggested that we initiate a recruitment drive for honorary members of EASA during 2007 by inviting deans of Faculties of Education to become Honorary members. It would include a one-year subscription to *SAJE* with the opportunity to become full members of EASA after 12 months. The deans were invited electronically to become members (see attached example of letter of invitation).

The drive was successful. Ten deans and professors accepted honorary membership. A list of newly accepted honorary members includes:

Prof. Renuka Vithal	UKZN
Prof. CM van der Bank	VUT
Prof. Rob Siebörger	University of Cape Town
Prof. DP Conradie	TUT
Dr SRS Litheko	CUT
Prof Petra Engelbrecht	NWU
Prof. Sarah Gravett	UJ
Prof. Ana Naidoo	NMMU
Prof. Lily Cherian	UL
Dr T Ngobeli	UNIVEN

2. Continuation of new format newsletter

The new format of the EASA newsletter that was introduced in 2006 received wide support and it was decided that it would be continued in 2007. Prof Naydene de Lange did an exceptional job as editor of the 2007 newsletter.

3. Forging links with Kenton

As chair I sought to contact the chair of the Kenton executive on several occasions in 2007. To date no response was received.

4. Continuation of EASA awards

Due to the joint EASA/Kenton conference in 2006 the annual EASA awards was suspended for a period of one year. During 2007 it was, however, re-instated. After receiving competitive nominations from all over South Africa, the winners of the 2007 EASA awards were announced:

- EASA Medal: Prof Yusef Waghid
- EASA Senior Researcher: Prof Petra Engelbrecht
- EASA Young Researcher: Dr Ronél Ferreira and Prof Aslam Fataar.

5. Re-election of prof PC van der Westhuizen as editor of *SAJE*

Prof PC van der Westhuizen has been commended for his exceptional work as editor of the highly-esteemed *South African Journal of Education*. At the 2006 meeting of EASA, prof PC van der Westhuizen was re-appointed to a second five-year term as editor. Our deep appreciation also goes to the North-West University for housing the *SAJE*.

6. Verkiesing van ‘n nuwe ondervoositter

Prof Naydene de Lange (UKZN) is by die jaarvergadering aan die einde van 2006 eenparig verkies as die nuwe onder/inkomende voorsitter van OVSA. Tydens 2007 het sy haar uitstekend van haar taak gekwyt.

Twee bestuursvergaderings is tydens 2007 gehou. Die Universiteite van Pretoria en KwaZulu-Natal het faciliteite beskikbaar gestel vir die vergaderings. Verskeie bestuurslede is ook deur hulle instansies geborg om die vergaderings te kan bywoon.

Tydens 2007 het die OVSA-bestuur **twee lede gekoöpteer**, i.e. prof Tilla Olivier (NMMU) vir haar bree bestuurs-ervaring en kundigheid in Opvoedkunde. Tydens die laaste bestuursvergadering van 2007 is daar besluit om haar vir nog

‘n jaar te koöpteer. Prof Chris Reddy is gekoöpteer om die OVSA-kongres te Langebaan, in Januarie 2008, te organiseer.



V.L.N.R TYDENS DIE OVSA-BESTUURSVERGADERING OP 17 OKTOBER 2007 BY DIE UNIVERSITEIT VAN KWAZULU-NATAL: PROF TILLA OLIVIER; MERLE DE WAAL; PROF CHRIS REDDY; PROF RENUKA VITHAL (ERE-LID); PROF PC VAN DER WESTHUIZEN; PROF NAYDENE DE LANGE; PROF IRMA ELOFF; PROF RAJ MESTRY.

Die bande wat gesmee word in en rondom die Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika is van onskatbare waarde. Vir my, was die jaar as voorsitter ‘n voorreg en ek sal met vreugde terugdink aan hierdie tyd. My beste wense vergesel ons nuwe voorsitter, prof Naydene de Lange – en die puik span wat haar in haar belangrike taak ondersteun.

Irma Eloff
OVSA Voorsitter 2007